

# Kuierbaadjie vir eenjarige

**BENODIGHEDE:** 3 bolle Pingouin Baby 3-draad (50-g-bolle); een stel elk van 4 dubbelpuntbreinaalde van 2,50 en 3,00 mm; 3 of 6 knopies.

**MATE:** Om 'n baba van ongeveer 1 jaar oud te pas.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); m1 - maak een steek deur garing vorentoe om naald te slaan; tes - tesame; ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); dms - dubbelmossteek; gl 1 - glip een steek; tgso - trek glipsteek oor; gs - glipsteek; herh - herhaal; oorbl - oorblywende; vlg - volgende.

**Dubbelmossteek:** \* 1e ry: r 2, aw 2, herh tot einde van ry.

2e ry: aw 2, r 2; herh tot einde van ry.

3e ry: aw 2, r 2; herh tot einde van ry.

4e ry: r 2, aw 2; herh tot einde van ry \*

## BAADJIE

**VOORPANT:** Stel met 3 breinaalde 54 ste op en \* brei 6 rye ks.

Brei 20 rye dms. \*

Dié 26 rye vorm die patroon.

Herh patroon nog 2 keer; r 2 rye.

**Vlg ry:** r 12 ste; plaas oorbl 42 ste op 'n stekehouer.

**EERSTE MOU:** Stel 38 ste op en voeg by die 12 ste op breinaalde — 50 ste.

Brei 4 rye r.

\*\* **Vlg ry:** Brei dms tot laaste 6 ste; r 6.

**Vlg ry:** r 6, dms tot einde van ry.

**Vlg ry:** dms tot laaste 6 ste; draai.

**Vlg ry:** dms tot einde van ry. \*\*

Dié 4 rye vorm die mou met mouboordjie; voltooi drie 26-ry-pat-herh.

Brei 3 rye r. Heg 38 ste af en laat 12 ste op breinaald.

**AGTERPANT:** Brei die 42 ste vanaf stekehouer by die 12 ste op breinaald — 54 ste — en r 3 rye.

Voltooi 6 patrone; r 2 rye.

**Vlg ry:** r 12, plaas 38 ste op stekehouer.

**TWEDE MOU:** Stel 38 ste op en voeg by die 12 ste op breinaald — 50 ste. Brei 3 rye r.

Brei tweede mou met mouboordjie soos eerste mou. Voltooi 3 patrone; r 3 rye.

Heg 38 ste af — 12 ste bly oor.

**VOORPANT:** Brei die 42 ste op stekehouer by die 12 ste op breinaald en r 3 rye. Herh pat 2 keer.

**Vlg 10 rye:** Brei deurgaans dms.

**Vlg 6 rye:** Brei regs.

Heg af.

**SKOUERSTUK:** Tel 42 ste op oor elke voorpant, 38 oor elke mou, 78 oor agterpant — 238 ste altesame.

1e ry: r 6 (r 1, r2 tes) tot laaste 7 ste, r 7 ste — 165 ste bly oor.

2e ry: r 6, (r 1, r2 tes) tot laaste 8 ste, r 8 — 124 ste bly oor.


3e ry: r 6, (r2 tes, r 2) tot laaste 8 ste, r2 tes, r 6 — 88 ste bly oor.

4e ry: r 3, m1, r2 tes (knoopsgat); r tot einde van ry.

5e ry: Deurgaans r.

Brei 20 rye dms maar hou die eerste 6 ste van elke ry deurgaans in rs om randstrook te vorm. Brei nog 'n knoopsgat in 11e ry.

**Halsvorming:** Slaan oor na 2,50-mm-breinaalde en brei 6 rye r; brei 'n knoopsgat in 3e van dié 6 rye. Heg af.



**AFWERKING:** Werk enige los garingrade netjies weg. Werk mounate toe. Werk knope aan.

**Let Wel:** Omdat die baadjie aan albei kante eenders lyk, kan knopies aan albei kante aangewerk word. As baba dan dalk per ongeluk op sy skoon baadjie mors kan die baadjie omgedraai word.

## KOUSIES

Met 3-mm-breinaalde stel 37 ste op en brei 5 rye ks.

**Vlg ry:** r 19, m 1, r 18 — 38 ste.

Brei 10 rye dms.

**Vlg ry:** Begin met aw 2, brei 1 ry dms.

**Vlg ry:** (r 2, m1, gl 1, tgso) tot einde van ry; eindig met r 2.

**Vlg ry:** r 12, (r 2, aw 2) oor 14 ste; draai; plaas 12 ste op 'n stekehouer.

Brei 13 rye dms oor 14 ste; plaas dan

hierdie 14 ste op 'n stekehouer en knip garing af. Brei die 12 ste van reserwenaald. Heg garing aan regterkant van werk vas. Tel 11 ste uit kant van wreef op, r 14 ste op houer, tel nog 11 ste aan ander kant van wreef op, r 12 — 60 ste altesaam.

**Vlg ry:** r 29, r2 tes, r 29 — 59 ste.

Brei 5 rye regs.

**Vorm punt:** 1e ry: r 1, (r2 tes, r 24, r2 tes, r 1) 2 keer.

2e en elke alt ry: Deurgaans r.

3e ry: r 1, (r2 tes, r 22, r2 tes, r 1) 2 keer.

5e ry: r 1, (r2 tes, r 20, r2 tes, r 1) 2 keer.

7e ry: r 1, (r2 tes, r 18, r2 tes, r 1) 2 keer.

8e ry: Deurgaans r.

Heg af.

**AFWERKING:** Werk enige los garingrade netjies weg. Werk sool- en haknate toe. Draai 'n koordjie of ryg 'n lint deur gaatjies om enkels.